OOR RASSISME EN AFRIKAANS

# Khampepe-verslag: Niks moet ‘convenient’ wees nie

MERCY KANNEMEYER verduidelik hoekom sy gemengde gevoelens het oor oudregter Sisi Khampepe se verslag oor rassisme aan die Universiteit Stellenbosch. Sy sê ook die universiteit hoef nie die wiel van voor af uit te vind nie, maar hulle moet luister, dieper kyk en besin.

18 NOVEMBER 2022
NUUS & POLITIEK
14 MIN OM TE LEES
ARTIKEL 2 VAN 31

Mercy Kannemeyer
Rubriekskrywer

DEEL




ANGELA TUCK

Khampepe-verslag: Niks moet ‘convenient’ wees nie

Na die inleiding word definisies verskaf wat as raamwerk vir die lees van die verslag verstaan moet word. Die eerste woord wat gedefinieer word, is “Black”. Miskien is ek pedanties, maar kyk gou saam met my na die definisie wat oudregter Sisi Khampepe verskaf

verskaf:

> "Black" – unless otherwise specified, this connotes the broadest racial category that includes the Black, Indian and Coloured racial groups. The use of "Black" in this catch-all fashion is in no way intended to undermine the nuances of racial discrimination nor the unique experiences and histories of these different groups of people. It is merely a
>
> convenient means of phraseology which provides a less cumbersome read.

'n Mondvol wat die kompleksiteit van ras probeer vasvang. Ek het geen probleem met hoe mense identifiseer nie, en ek het ook nie 'n probleem daarmee as mense dié tipe Pan-Africanism wil omarm nie. My probleem met die oudregter se definisie is konteksgebonde. In die Universiteit Stellenbosch se geval en in 'n groot mate in die geval van die volledige verslag, is dit van kardinale belang om 'n onderskeid te tref tussen die rasgroepe sodat die wortel van die rassisme aan die instelling onder 'n deeglike soeklig geplaas kan word. Ek is bevrees dat indien alles as "Black" gelees en verstaan gaan word, daar erasure gaan plaasvind wat uiteindelik meer skade gaan aanrig. En nee, ek is nie anti-black nie. As bruin studente aan die universiteit was dit my geleefde ervaring dat bruin studente misgekyk, ge-silence en dikwels uit groot gesprekke gelaat word. Dis nie genoeg om te sê "it is a merely a convenient means of phraseology" nie. Niks rondom hierdie verslag en die gesprek wat dit ontlok het, moet convenient wees nie. Onderwerpe waaraan ons land en haar mense swaar dra, verdien die nodige detail sodat daar nie ruimte vir twyfel gelaat word nie. Ek verander my mind. Ek is nie pedanties nie.

Ek wil dit ook net duidelik stel, soos wat ek deur die verslag gelees het met die hoop om duidelikheid vir die Stellenbosse probleme te vind, het my gevoelens net al hoe meer deurmekaar geraak. Met die lees van die verslag het my gevoelens gewissel tussen "brand



want die geskiedenis daaragter is te swaar", tot "wat de fok, Stellenbosch?!". My mixed feelings het daartoe gelei dat ek, benewens die verslag self, alles rondom die verslag ook gelees het. Rubrieke en meningstukke vanuit verskillende oorde het my mixed

feelings ge-validate. Mense gryp dele uit die verslag wat op hulle van toepassing is of wat vir hulle moontlike bedreiging inhou, en hol daarmee. Ek het besluit om dieselfde te doen. Ek kan nie oor die verslag in haar geheel skryf nie. Die dele wat óf op my van toepassing is óf wat my geprikkel het tot nadenke, is wat ek hier sal bespreek.

Vir duidelikheid moet ek puntsgewys staaf waaroor ek wil uitwei:

- Studentekultuur en tradisies
- Gonswoorde
- Afrikaans (ek weet, ek weet, just stick with me)
- Oplossings en reaksies

## Studentekultuur en tradisies

Daar word in die verslag beskryf hoedat sommige studente (lees wit) universiteit toe gaan en in 'n koshuis woon vir die hele studente-ervaring en koshuiskultuur, terwyl ander studente (lees swart) universiteit toe gaan vir die basiese funksies wat die universiteit moet uitrig – opvoeding verskaf. Swart studente woon ook eerder in 'n koshuis, nie vir die koshuiservaring per se nie, maar omdat dit gerieflik en naby aan die kampus is.

Koshuise is 'n miernes vir konflik. Aan die begin van hierdie jaar het gerugte die ronde gedoen dat daar in 'n sekere koshuis gevra is dat studente nie Afrikaans praat nie, want dit sluit ander studente uit. Voordat ek die Afrikaanse-ding unpack, wil ek net stilstaan by koshuiskultuur.

Ek is bevoorreg dat ek vir ses jaar in 'n koshuis kon woon, en vir my was daar nie 'n alternatief nie. Ek was op beurse en al wat ek kon bekostig, was om in die koshuis te woon. Ek het ook uitgesien na die koshuiservaring. Boeke soos die Maasdorp-reeks het my opgewonde gemaak oor die idee dat ek moontlik twee deure van my beste vriende af kon woon. Dit het my ouers ook gerusgestel dat ek in die koshuis bly en nie iewers in die dorp op my eie waar ek moontlik in gevaar kon beland nie. Min het hulle geweet dat die



> **... Sy het voet by stuk gehou dat ek die sosiale kultuur op Stellenbosch beter sou kon navigate bloot oor die taal. En daar lê**

tog waarheid daarin.

Die kultuur rondom sosiale geleenthede was vir my die gevaarlikste. Ek onthou hoe senuweeagtig ek geraak het wanneer ook al daar van 'n partytjie of skakel (koshuise, dikwels manskoshuise en vrouekoshuise wat saam kuier of iets sosiaal doen) gepraat is. Drank, ouens wat met meisies moet gesels, sokkiemusiek is nie my scene nie. Ek kon dit nog navigate, want ek het goeie vriendinne gehad. As die ouens ons nie gekies het om mee te gesels nie, het ons sommer met mekaar gesels. Dit was in elk geval baie meer prettig as om nou small talk met 'n 18-jarige seun te maak. Een van my goeie vriendinne (wat nie Afrikaans praat of verstaan nie) het uitgewys dat ek 'n voordeel bo haar het wanneer dit by sosiale geleenthede kom, want ten minste verstaan en praat ek nog Afrikaans. Ek het vir haar probeer verduidelik dat ek en sy albei minorities is in hierdie geval, maar sy het voet by stuk gehou dat ek die sosiale kultuur op Stellenbosch beter sou kon navigate bloot oor die taal. En daar lê tog waarheid daarin. Ek kan my nie indink hoe dit moet voel om iewers iets verpligtend by te woon, en alles gebeur in 'n taal wat jy nie magtig is nie.

Afgesien van die sosiale geleenthede, is daar ook tradisies op die dorp wat uit die jaar toet dateer, maar nog steeds vir sommige mense belangrik is. Ek verstaan die oulike tradisies soos om in die Coetzenburg-dam te gaan swem, maar party goed is net belaglik. Jy mag nie oor hierdie koshuis se gras loop nie, anders word jy gestort. Jy mag nie hier so iets skreeu nie, anders gebeur daar iets met jou. Daar is hierdie belaglike "reëls" wat geen plek in 'n sogenaamde moderne wêreldklas-universiteit behoort te hê nie. Dit sal die universiteit en koshuise baat as hulle al hierdie ou tradisies oopvlek en besluit genoeg is genoeg. Voortaan moet nuwe tradisies wat meer inklusief is geskep word sodat almal daaraan kan deel hê.

## Gonswoorde



bate" se nie? Ek hoor dit nou al vir meer as vyf jaar, en tot vandag toe het niemand nog vir my kon verduidelik wat met "nasionale bate" bedoel word nie. Die universiteit is baie goed daarin om kak in goue geskenkpapier toe te draai. Die idee van 'n "nasionale

bate” is mooi. Dit voel belangrik. Stellenbosch se nasionale bate is egter besig om in ’n nasionale las te verander.

Verdere gonswoorde sluit “transformasie” en “gelykheid” in. Ek noem dit nie ’n gonswoord om dit af te maak nie; al hierdie woorde en planne begin net al hoe meer na window dressing te lyk. Daar is ’n transformasiekantoor en equality unit, maar soos wat Khampepe se verslag uitwys, weet studente óf nie genoeg van die werk wat hierdie onderskeie afdelings doen nie, óf studente vertrou hulle bloot nie. Dis te verstane dat daar grootskaalse wantroue vanaf die studente se kant is. Ek sou ook wantrouig wees oor ’n plek wat vir my akkers wat op my kop gaan val en soene in Die Laan belowe terwyl ek eintlik my gat af gaan sukkel. Punt is. Window dressing.

Die tyd het aangebreek vir die universiteit om op te hou om fancy woorde vir goed te gebruik. Wie is die mense wat die transformasiewerk doen en moet doen? Sal dit regverdig wees om te sê alle wit mense moet na verpligte transformasieklasse toe gaan? As ek oudregter Khampepe se verslag reg interpreteer en dit wat ek weet van die transformasiekantoor se werk hier byhaal, voel dit amper onregverdig dat die meerderheid van transformasiewerk deur swart persone of gemarginaliseerde persone gedryf word. Met ’n meerderheid wit kampus, maak dit in my brein net sin dat wit mense ook na die tafel toe kom om skouer aan die transformasiewiel te draai. Swart personeel en studente moenie die katalisators vir verandering wees nie. Dis erg genoeg om deur rassisme, ongelykheid en diskriminasie te leef, en dan moet jy nog ander opvoed daaroor ook? It’s asking for a lot.

## Afrikaans

Aan diegene wat op ’n menigte platforms uitvaar dat oudregter Khampepe téén Afrikaans is, lees gou weer deur die verslag en moenie jou sekretaresse vra om die verslag vir jou op te som nie, asseblief. Lees deur. Highlight dele wat vir jou uitstaan. Google



Glo my, ek is een van daardie gene wat op die uitkyk is vir enige teenkanting teen Afrikaans en moedertaalonderrig. Daarom kan ek dit hier met ’n geruste hart stel dat die verslag nie nét oor Afrikaans gaan nie. Die oudregter sê: “I recommend that the

Afrikaans gaan nie. Die oudregter sê: "I recommend that the University consider reviewing and revising its language policy to remove the possibility of language exclusion through the preference of Afrikaans." (bl. 178) Waar in hierdie sin staan "doen afstand van Afrikaans"? Wat daar wel staan, is dat die taalbeleid hersien moet word om te voorkom dat enigiemand deur die gebruik van Afrikaans moontlik uitgesluit woord. Ek het hierdie punt al op menige ander platform gemaak – ek wil nie deel hê aan

iets waaraan my medemens nie kan deelneem nie. Ek is bitter lief vir Afrikaans, so, verstaan my mooi. In 'n ideale wêreld sal ek graag wil sien dat Afrikaans as wetenskapstaal groei en nie in die woke-kiem gesmoor moet word nie. Ons leef nie in 'n ideale wêreld nie, so ons sal moet aanpas. Ek kan nie sien dat die Universiteit Stellenbosch óóit van Afrikaans ontslae sal kan raak nie. Wat wel kan en moet gebeur, is dat ons Afrikaans van haar verlede as onderdrukkerstaal moet losmaak, en soortgelyke infrastruktuur wat gesorg het dat Afrikaans so 'n suksesvolle wetenskapstaal geword het, gebruik om seker te maak dat ons ander ampstale dieselfde posisie kan beklee.

> **Hallo, wit mense. Dis nie julle taal dié nie. As ek een persoon nog aan die komvandaan van Afrikaans gaan moet herinner, gaan ek seker iets oorkom.**

Met infrastruktuur bedoel ek bloot navorsing, toegang, kennis, geld en geleenthede. Die universiteit moet aktief daaraan werk om seker te maak dat die nodige infrastruktuur in plek is sodat niemand uitgesluit word nie.

Die verslag maak die volgende duidelik:

- Afrikaans kom met 'n swaar geskiedenis wat ons nie kan ignoreer in ons veg vir Afrikaans nie.
- Konteks is baie belangrik.



- Daar is 'n verskil tussen Afrikaans in 'n sosiale milieu en Afrikaans in die klaskamer.
- Die oudregter gee bloot voorstelle. Wat die universiteit daarmee gaan doen, is hulle saak.

Wanneer ek skryf dat die verslag oor meer as net Afrikaans gaan, vra ek bloot dat ons dieper kyk. Binnetoe kyk. Binnetoe kyk en besin. Ek verstaan dat Afrikaans deel van mense se identiteit kom word het. Taal is ook die draer van kultuur. Daarom maak dit sin om die afleiding te maak dat wit mense voel húlle word aangeval wanneer daar krities oor Afrikaans gepraat word. Hallo, wit mense. Dis nie julle taal dié nie. As ek een persoon nog aan die

komvandaan van Afrikaans gaan moet herinner, gaan ek seker iets oorkom.

## Reaksies en oplossings

Wyd en suid is daar nou al oor dié verslag gesê en geskryf. Een van die meer sinvolle reaksies daarop kom uit Maandag 14 November se paneelgesprek op *In Gesprek met Lourensa Eckard* op kykNET (kanaal 144) saam met dr. Leslie van Rooi (senior direkteur van sosiale impak en transformasie aan die Universiteit Stellenbosch), Heindrich Wyngaard (hoof van die Kaapse Forum), en prof. Danie Goosen (akademiese hoof van Akademia). Die gesprek het onder meer gehandel oor die universiteit se steun vir die verslag, Afrikaans as onderrigtaal, wit Afrikaanssprekendes, die bruin meerderheid Afrikaanssprekendes, diversiteit, en toksiese kultuur in van die koshuise.

Op ’n vraag van Eckard aan Van Rooi oor of die Universiteit met die Khampepe-verslag in sy geheel saamstem, reageer Van Rooi bevestigend. Ons kan dus aflei dat die universiteit oop is vir die oudregter se voorstelle. Wyngaard stel dit tereg dat die inligting in hierdie verslag tog nie nuus vir die universiteit kon wees nie en dat diegene aan die stuur sal moet pa staan vir die bevindinge wat uit die verslag spruit.

Ek moes drie keer luister na die onderstaande woorde van Wyngaard:

“Hierdie oorhelling […] om swart Suid-Afrikaners primêr te paai



Dít het my laat dink … Hierdie sentiment resoneer met ander gesprekke rondom hoe die goal post van wokeness voortdurend skuif. Ons gaan later nie meer kan byhou nie. Die universiteit gaan later nie meer kan byhou nie. Hoe skep jy ’n reël as die

omstandighede en konteks rondom die reël die hele tyd gaan verander? As ek Wyngaard se stelling verder wil unpack, kan die vraag gevra word wanneer word dit patronizing? Wanneer word die askies om te paai tot minderheidsgroepe dan nou van so ’n aard dat dit neerhalend begin word en slegs gedoen word vir virtue-signalling doeleindes? As ek as bruin mens gepaai moet word, gaan dit tog in ’n stadium vir my begin voel asof ek gepatronize word. Ek kan nie vir alle minderheidsgroepe praat nie, maar wat ek wel van myself weet, is dat ek nie inferior teenoor enige wit student of persoon voel nie, bloot omdat ek myself met kennis van die verlede, selfvertroue en toekomsvisie toerus wat my in staat stel om vir myself te dink.

> **As ek as bruin mens gepaai moet word, gaan dit tog in ’n stadium vir my begin voel asof ek gepatronize word.**

Prof. Pumla Gobodo-Madikizela van die US maak die voorstel dat wit studente gementor moet word sodat hulle kan leer hoe om met swart studente te engage en uiteindelik hulle eie identiteite as wit studente te verstaan. Dit sit nie lekker met my nie. Ek wil nie as objek beskou word wat nou so diep verstaan moet word voordat jy met my kan engage nie. Ek is ’n mens. Ons is almal mense. Die probleem kom in wanneer mense nie meer weet hoe om saam met mense te praat en om te gaan nie.

Die prentjie lyk maar grim vir die US. Ten einde oplossings te verskaf moet die wortel van die probleem verstaan word. Ek hou van wat Gobodo-Madikizela sê: “The first factor she discussed was the institutional culture of the University. She explained this is an unchanging historical structure that affects the human environment and relationships at the University.” (bl. 120) Daar moet verstaan word dat daar absoluut niks aan die wortel van die probleem gedoen kan word nie. Dit het gebeur. Ons moet nou daarmee werk en aktief probeer om die verlede nie te herhaal nie.



’n “ethics component” (bl. 120) moet hê, sodat issues waarmee studente sukkel deur middel van hulle veld gedek kan word. Dít moet veel eerder geïmplementeer word as ’n verpligte kursus vir eerstejaarstudente soos wat oudregter Khampepe voorstel. Ek sê dit maar net omdat ons in my eerste jaar ’n verpligte

dit maar net omdat ons in my eerste jaar 'n verpligte rekenaarmodule gehad het, en ons was weinig in die klas. Maak dit 'n etiekmodule wat deur die duration van jou kursus strek. Hierdie goed is nie iets wat jy once off (in een jaar van jou studie) moet van leer en dan daarvan vergeet wanneer jy na jou tweede jaar toe gaan nie. Tye verander. Retoriek verander. Die etiekmodule sal saam met die tye moet verander. Dit gaan werk verg, maar die

infrastruktuur en kennis bestaan reeds. Die universiteit hoef nie die wheel te reinvent nie.

Universiteit Stellenbosch, the call is coming from inside the house. Tel op. Luister. En kyk om hemelsnaam tog net wyer as die ander kant.

**♦ VWB ♦**

**NEEM DEEL AAN DIE GESPREK: Gaan na heel onder op hierdie bladsy om op hierdie artikel kommentaar te lewer. Ons hoor graag van jou!**

**Verwante Artikels**

'n Hartsargument oor Afrikaans

Anneliese Burgess
11 min om te lees

Meertalig, ja, maar net een onderrigtaal vir US

Max du Preez
12 min om te lees

Maties te kosbaar om nie met álmal te deel

Max du Preez
8 min om te lees

Oor rassisme, diversiteit en musiek

14 min om te lees

Om vir eerstejaars te kan sê: Moenie worrie!

Ruda Landman

Mercy Kannemeyer

*Rubriekskrywer*

Mercy Kannemeyer is ’n skrywer, regisseur, teatermaker, produksiebestuurder en meningsvormer. Sy het drama en teaterstudie aan die Universiteit Stellenbosch studeer, en woon deesdae in Johannesburg.